# 449. VERHEERLIK YAHWEH

```
      G                       C         D
1.    Verheerlik Yahweh, verheerlik tesaam
          G                D       G
      Sy liefde en trou, Sy heilige Naam!
      D
      Yahweh is ons Helper, Hy waak en gebied,
          G                      D          G
      verdien ons vertroue, het reg op ons lied.

      G                            C           D
2.    Verheerlik Yahweh deur vrug nou te dra
          G                     D         G
      en waar dit ontbreek, vrymoedig te vra.
      D
      Die Herder wat soek, wat verdwaaldes wil red,
          G                          D           G
      gebruik ook ons woorde, gesindheid, gebed.

      G                              C            D
3.    Verheerlik Yahweh deur dankbaar te leef;
          G                       D          G
      verlos van ons skuld, kan ons ook vergeef.
      D
      Met waarheid as rigsnoer, met reg wat ons lei,
          G                      D          G
      gee Hy ons 'n vrede wat verder versprei.

      G                         C          D
4.    Hy gee ons 'n skat, so het Hy beloof,
          G                         D        G
      waar roes nie verniel, waar diewe nie roof.
      D
      Kom dien dan ons Vader, verheerlik tesaam
          G                        D       G
      Sy wysheid, Sy almag, Sy heilige Naam.

      G                              C          D
5.    Vermeerder ons krag, so wankelend klein;
          G                D            G
      U liefde versterk, U woorde maak rein.
      D
      O, leer ons besef met 'n dankbaar gemoed
          G                       D        G
      U doel met U kinders is heilig en goed.
```